**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Dinsdag 28 Februarie 1978 — WINDHOEK — Tuesday 28 February 1978 — No. 3710

INHOUD:

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**

No. 50 Ordonnansie, 1978: Uitvaardiging van

CONTENTS:

*Page/Bladsy*

**GOVERNMENT NOTICE:**

No. 50 Ordinance, 1978: Promulgation of 1

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

No. 50] [28 Februarie 1978

ORDONNANSIE, 1978: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:-

No. 1 van 1978 Addisionele Begrotingsordonnansie (1977-78), 1978

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
*Secretary for South West Africa.*

Administration of South West Africa,
Windhoek.

No. 50] [28 February 1978

ORDINANCE, 1978: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:-

No. 1 of 1978 Additional Appropriation Ordinance (1977-78), 1978

**No. 1 van 1978** ADDISIONELE BEGROTINGSORDONNANSIE (1977-78), 1978

*(Goedgekeur 28 Februarie 1978)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 28 Februarie 1978)*

# ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag ten behoewe van die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar wat op 31 Maart 1978 eindig.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Administrateur-generaal dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en deur die Voorsitter van die Vergadering aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:—

Gebiedsinkomstefonds belas met R13 643 005.

1. Die Gebiedsinkomstefonds word hiermee belas met die bedrag van dertien miljoen seshonderd drie-en-veertig duisend en vyf rand op die Inkomsterekening soos uiteengesit in die Bylae, tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrae beskikbaar gestel vir die diens van die Gebied vir die boekjaar wat op 31 Maart 1978 eindig soos in Ordonnansie 7 van 1977 vermeld is.

Aanwending van geld.

2. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste in besonderhede vermeld in die Bylae by hierdie Ordonnansie en meer omstandig uiteengesit in die Bykomende Begroting van Uitgawe (S.W.A. 5-1978) soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur, en vir geen ander doel nie.

Met goedkeuring van Uitvoerende Komitee kan besparings ter bestryding van oorskrydings aangewend word.

3. Met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee kan 'n besparing onder die een subhoof van 'n begrotingspos aangewend word tot dekking van 'n oorskryding onder enige ander subhoof, of van uitgawe onder 'n nuwe subhoof van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die bedrae wat in kolom 2 van die Bylae tot Ordonnansie 7 van 1977 voorkom, nie oorskry mag word nie, en besparings daarop ewemin aangewend mag word vir enige ander doel as dié waarvoor die geld toegestaan was soos in die gemelde Bylae aangedui.

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Addisionele Begrotingsordonnansie (1977-78), 1978.

ADDITIONAL APPROPRIATION ORDINANCE (1977-78), 1978 **No. 1 of 1978**

*(Assented to 28 February 1978)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement 28 February 1978)*

# ORDINANCE

To apply a further amount of money towards the service of the Territory of South West Africa for the financial year ending 31 March 1978.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Administrator-General, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by the Chairman of the Assembly, as follows:—

Territory Revenue Fund charged with R13 643 005.

1. The Territory Revenue Fund is hereby charged with the amount of thirteen million six hundred and forty-three thousand and five rand on Revenue Account as shown in the Schedule to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the service of the Territory for the financial year ending on the 31st March, 1978, as specified in Ordinance 7 of 1977.

Application of money.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedule to this Ordinance and more particularly specified in the Additional Estimates of Expenditure (S.W.A. 5-1978) as approved by the Legislative Assembly, and to no other purpose.

With approval of Executive Committee savings may be made available to meet expenses.

3. With the approval of the Executive Committee, a saving on any sub-head of a Vote may be made available to meet excess expenditure on any other sub-head, or expenditure on a new sub-head of the same Vote: Provided that the amounts appearing in column 2 of the Schedule to Ordinance 7 of 1977 shall not be exceeded, nor shall savings thereon be available for any purpose other than that for which the money was granted as indicated in the said Schedule.

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Additional Appropriation Ordinance (1977-78), 1978.

**No. 1 van 1978** ADDISIONELE BEGROTINGSORDONNANSIE (1977-78), 1978

BYLAE

| Begrotings-pos No. | Benaming van Begrotings-pos | Bedrag R |
|---|---|---|
| 1. | Administrasie | 2 |
| 2. | Wetgewende Vergadering | 12 000 |
| 4. | Werke | 100 000 |
| 5. | Gesondheid | 439 000 |
| 6. | Paaie | 33 000 |
| 7. | Natuurbewaring en Toerisme | 150 000 |
| 9. | Pensioene en Gratifikasies | 100 000 |
| 10. | Oudit | 20 000 |
| 11. | Plaaslike Bestuur | 2 |
| 12. | Voorrade | 17 000 |
| 13. | Wetsadministrasie | 40 000 |
| 14. | Beplanning | 1 |
| 15. | Aanwending tot die Gebiedsontwikkeling- en reserwefonds | 9 000 000 |
| 16. | Bydrae uit die Gebiedsinkomstefonds tot die Suidwes-Afrika Rekening | 3 732 000 |
| | | 13 643 005 |

ADDITIONAL APPROPRIATION ORDINANCE (1977-78), 1978 **No. 1 of 1978**

## SCHEDULE

| Vote No. | Vote Designation | Amount R |
|---|---|---|
| 1. | Administration ............. | 2 |
| 2. | Legislative Assembly ........ | 12 000 |
| 4. | Works .................. | 100 000 |
| 5. | Health .................. | 439 000 |
| 6. | Roads .................... | 33 000 |
| 7. | Nature Conservation and Tourism ............... | 150 000 |
| 9. | Pensions and Gratuities ....... | 100 000 |
| 10. | Audit .................... | 20 000 |
| 11. | Local Government .......... | 2 |
| 12 | Supplies .................. | 17 000 |
| 13. | Law Administration ......... | 40 000 |
| 14. | Planning .................. | 1 |
| 15. | Appropriation to the Territorial Development and Reserve Fund | 9 000 000 |
| 16. | Contribution from the Territory Revenue Fund to the South West Africa Account ........ | 3 732 000 |
| | | 13 643 005 |